NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos



Jaargang 16 – Uitgawe 12 20 April 2023

# Dit was morsig

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

***Daar's 'n dierbare kruis waar my Heiland bewys die liefde wat Hy vir my het.* Ek het met hierdie ou Hallelujalied grootgeword en dit was nog altyd 'n gunsteling van my. Ek sou dit ook so elke nou en dan inglip in 'n Paassangdiens en hoop dat ek nie uitgevang word dat ek dit doen nie.**

'n Rubriek wat Stephan Joubert êrens in die Groot Lydensweek geskryf het, het my soos 'n emmer water getref toe ek besef hoe waar sy woorde is. Hy het iets gesê soos: *Daar is niks dierbaars aan die kruis nie. Dit was 'n uiters wrede manier van teregstelling.* Ek het dit geweet, geweet dat die kruisdood deur die Romeine ontwerp is om die maksimum pyn te veroorsaak vir die gekruisigde om so veral te dien as 'n afskrikmiddel. Ek weet dit, ek het dit al baie gesê in 'n preek, tog sing ek lustig saam: *Daar's 'n dierbare kruis...*

Die besef van hierdie kortsluiting in 'n mens se gedagtes as jy iets wat baie wreed is probeer romantiseer, is verder verskerp toe ek Nadia Bolz-Weber se blog *Resurrection is messy* gelees het. Sy maak die punt dat, toe Jesus aan sy dissipels verskyn het na sy opstanding, Hy nie probeer het om die littekens van sy wonde te verberg nie. In Johannes 20: 26 lees ons: *Ag dae later was Jesus se dissipels weer bymekaar, en Tomas was by hulle. Hoewel die deure gesluit was, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en gesê: "Vrede vir julle!" Daarna sê Hy vir Tomas: "Bring jou vinger hier en kyk na my hande; en bring jou hand en steek hom in my sy; en moenie langer ongelowig wees nie, maar wees gelowig." En Tomas sê vir Hom: "My Here en my God!"*

Jesus word geken aan sy wonde. Dit wat met Hom gebeur het, die geseling, die marteling, die merke wat die doringkroon op sy gesig gelaat het, die wonde wat die spykers en spies in sy hande en sy sy gelaat het, was nog daar toe Hy uit die dood opgestaan het. Dit wat Jesus deurgemaak het, was morsig, en die opgestane Heer dra nog die spore van daardie morsigheid.

Bolz-Weber maak die stelling dat die vraag wat mense tot in hul diepste binneste moes geskud het, nie was *Is Jesus soos God?* nie, maar eerder: *Sê nou God is soos Jesus?* Mense in daardie tyd, baie vandag nog, se idee van God is dat Hy die almagtige Skepper van hemel en aarde is wat met eerbied en ontsag gedien moet word, 'n God wie se gebooie en verordeninge ten alle koste gehoorsaam moet word uit vrees vir die straf wat Hy dalk op jou sal laat neerdaal.

In Jesus leer ons God ken nie deur 'n program van straf of seën nie, maar deur 'n Persoon, Iemand wat bereid was om te dien, om met die geringstes, die mees veragtes van die samelewing, om te gaan. Ons leer ken 'n God wat eerder sou sterf as om mense hul sondes te bly toereken, 'n God wat nie 'n vinger gelig het om dié wat Hom gekruisig het, te veroordeel nie, maar bereid was om die angste van die hel deur te maak ook en juis ter wille van hulle.

Die pad wat Hy geloop het om dit te vermag, was 'n morsige een. Dié pad was een van bittere pyn en ontberings wat letsels en littekens op Jesus gelaat het, letsels en littekens wat ook ná sy opstanding sigbaar was.

Die lewe laat ook letsels en littekens op ons, maar, nes in die geval van Jesus, is die letsels en littekens nooit die eindpunt van die verhaal van ons lewens nie. Ons kan dit weet: Daar is nie 'n klip so groot dat Jesus dit nie kan wegrol nie.

**Ds Etienne Fourie, Emeritus**


Mev Callie Engelbrecht


Ds Theo Janse van Nieuwenhuizen


Prof Andries van Aarde


Ds Etienne Fourie


Ds Attie Hattingh


Ds Pierre Roets

## Lief en leed

- **Mev CCC (Callie) Engelbrecht** (92), weduwee van ds JJ (Johannes) Engelbrecht wat in 2005 oorlede is, is gedurende die week oorlede. Sy was die skoonmoeder van ds PJHS (Henk) Pienaar van Bosmansrust. Haar roudiens vind plaas op Dinsdag 9 Mei vanuit Gemeente Hartbeesfontein, en sal gelei word deur ds EG (Etienne) Fourie. Ons innige simpatie gaan aan mev Adria Pienaar en die familie.

- Emerituspredikant **ds TH (Theo) Janse van Nieuwenhuizen** (74) ondergaan op 25 April ’n driedubbele hartomleiding in die Sunninghill-hospitaal. Ons bid hom volkome herstel toe, en baie sterkte vir hom en sy vrou, Anna-Marie.

- Emerituspredikant **prof AG (Andries) van Aarde** (72 op 25 April) het op 13 April ’n operasie ondergaan; die prosedure het goed afgeloop. Ons bid hom spoedige beterskap toe.

- **Ds EG (Etienne) Fourie** se emeritaataanvaarding vind plaas op Sondag 23 April om 09:00 by Gemeente Kempten, hv Blouborsie- en Lorethastraat, Van Riebeeckpark.

- **Ds AJ (Attie) Hattingh** se 25-jaar-ampsjubileum vind plaas op Sondag 23 April om 11:00 by Gemeente Krugersdorp-Noord, hv President- en Krugerstraat, Krugersdorp-Noord.

- **Ds PJ (Pierre) Roets** se 25-jaar-ampsjubileum vind plaas op Sondag 14 Mei om 09:00 by Gemeente Springs-Oos, Ermeloweg 61 / Jurgenslaan 16, Strubenvale.

- Die wenners van die Andrew Murray-prysfonds se pryse en toekennings vir 2023 is pas bekendgemaak. Een daarvan, die **CLF-Elise Tempelhoff-toekenning vir omgewingsbewaring en -geregtigheid**, is gemaak aan **prof J (Johan) Buitendag**, voormalige dekaan van UP se Fakulteit Teologie en Religie. Prof Buitendag is ’n vooraanstaande kenner van die teologie oor ekologie, en het baanbrekerswerk verrig toe hy die eerste Suid-Afrikaner geword het om ’n doktorsproefskrif oor teologie en ekologie te skryf. Hy is die outeur of mede-outeur van 38 artikels oor skepping en ekologie in erkende vakwetenskaplike tydskrifte, en het tien hoofstukke in internasionaal-erkende boeke oor ekologie geskryf. Hy lewer ’n beduidende bydrae tot ’n omvattende teologiese benadering tot die ekologie wat beskryf kan word as *’n hermeneutiek van ekologiese verantwoordbaarheid teenoor die Skepper en die skepping*. Baie geluk, prof Buitendag!


Prof Johan Buitendag

- Baie geluk aan **prof E (Ernest) van Eck** met sy inhuldiging as rektor van Knox College in Toronto, Kanada, en sy ordening as predikant van die Presbiteriaanse Kerk in Kanada (PCC). Ons beste wense vergesel hom en sy vrou, ds Maryka Potgieter.

- **Die volgende predikante verjaar tot 28 April, en word hartlik geluk gewens:**

  - Vrydag 21 April: Dr JA (Kobus) van Biljon (78) (emeritus) en ds EJA (Edzard) van Baalen (57) (Parkrand)
  - Sondag 23 April: Di F (Francois) Evert (61) (Declercqville/Hartbeesfontein) en CJH (Casper) Steenkamp (68) (emeritus)
  - Maandag 24 April: Ds HP (Herman) van den Berg (63) (Elandspoort)
  - Dinsdag 25 April: Prof AG (Andries) van Aarde (72) (emeritus) en dr WAJ (Wimpie) van Schoor (60) (Primrose-Oos)
  - Woensdag 26 April: Ds HPF (Paul) Kern (71) (emeritus)
  - Donderdag 27 April: Dr KD (Kálmán) Papp (71) (emeritus)
  - Vrydag 28 April: Ds P (Pieter) Rossouw (37) (Mafeking/Zeerust)

## Gemeentes en bediening

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Moderamen** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief teen 1 Mei bereik vir 12 Mei se Moderamenvergadering. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.

- **Gemeente Losberg** is in Mei 1925 gestig. Oor twee jaar is die gemeente 100 jaar oud. Al die predikante wat nog met ons is, asook gemeentelede wat sedert 1925 by die gemeente betrokke was, word vriendelik versoek om enige inligting, foto's, staaltjies en gebeure waaroor hulle beskik, te stuur aan Frikkie Boshoff per e-pos (**frikkiesan@gmail.com**). Baie dankie by voorbaat!




- **Gemeente Naboomspruit: Vakante pos vir voltydse orrelis.** Belangstellendes kan hul CV stuur na **nedhervkerknbs@gmail.com** of Marlene kontak by 014 743 1325 tydens kantoorure (08:00-13:00). Die voordele sal met die kandidate bespreek word. Die kerkgebou is op die hoek van Vyfdelaan en Nelson Mandelarylaan in Naboomspruit.




- **WERKRUIMTE VIR VOLTYDSE BEDIENING: GEMEENTE LICHTENBURG**

  Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die NHKA om hierdie bedieningsruimte te vul.

  **Gemeente:** Die gemeente is 131 jaar oud en het tans 594 belydende lidmate en 189 dooplidmate. Die gemeente beskik oor 'n kerkgebou, 'n gemeentesentrum, 'n aftreeoord en 'n ruim, gerieflike pastorie.

  **Leraarsprofiel:** Die leraar moet lief wees vir die Here en sy kudde. Die Hervormde identiteit en etos is vir die gemeente belangrik.

  **Aansoeke sluit op 30 April 2023.** Aansoeke kan gestuur word na **henkdutoit50@gmail.com**. Enige navrae kan aan dieselfde adres gerig word. Die kerkraad is nie verplig om een van die aansoekers te beroep nie en behou die reg voor om die lys van kandidate na die sluitingsdatum te verklein of te vergroot, en mag self ander kandidate nader.

- **Die SPE-museum en Gemeente Wonderboompoort** (waar die Museum in 'n 1905-kerkie geleë is) benodig **finansiële ondersteuning** vir die Kerkmuseum se restourasie. 'n Skenking aan hierdie liefdadigheidsprojek is belastingaftrekbaar. Kontak ds Carel Johann

de Bruin by **careljohann@gmail.com** of 082 733 3951 indien u kan help, of gebruik hierdie bankbesonderhede:

NHK Wonderboompoort
Absa
Tjekrekening 630580048
Verwysing: Verf Museum
Kennisgewing aan: **careljohann@gmail.com**

- Ds Carel Johann de Bruin vra ook: *Is daar* ***enige ou en unieke speelgoed*** *van dominees, predikantsvroue en kerklidmate wat vir die Museum geskenk kan word?* Kontak hom by **careljohann@gmail.com** of 082 733 3951.


## Vergaderings

- Vrydag 21 April: Beleggingskomitee
- Saterdag 22 April: NHSV Dagbestuur: Werksvergadering
- Dinsdag 25 April: DPS Plesion Finkom<br>Bestuurskomitee
- Woensdag 26 April: ADV Finkom

## Kerklike publikasies




- In die **April 2023-uitgawe van *Die Christelike Vrou*** vier ons *Kreatiwiteit*, en ons eerste kunstenaar op die voorblad is **mev Gerda van der Merwe**, predikantsvrou van Pretoria-Oos. **Ds Hannelie Botha** beskryf in haar redaksionele artikel die kreatiwiteit van ons verskillende kunstenaars in hierdie uitgawe en spoor ons aan om ons kreatiewe kant te ontdek. **Lynette Beer** is een van ons sprekers by die NHSV Nasionale Kongres van 23 tot 25 Junie in Pretoria. Kom lees gerus ons artikel oor Lynette Beer en wie die mens agter hierdie energieke glimlag is. **Mev Thea van Rooyen,** predikantsvrou van Lichtenburg-Oos, brei uit in *Eva en haar* susters oor hoe sy haar kunstalent gebruik om die Woord van God uit te dra met haar skilderkuns van vroue uit die Bybel, wat nou ook op kledingstukke verskyn. **Maleny de Beer,** predikantsvrou van Parys, vertel in *Monsters is speel-speel* hoe slaaptydstories vir haar kinders haar kreatiewe brein aan die gang gesit het en ontwikkel het in boeke vir kinders. **Ds Carel Johann de Bruin** sluit ons uitgawe af met *Die kanselkleed (Deel 3)* en deel met ons Gemeente Bronkhorstspruit se kansellappe vir die jaar. Volg die skakel na ons NHSV publikasies **https://nhsv.org.za/publikasies/**.




- Die NHKA se ***Almanak 2023*** is uitverkoop. Daar is egter nog verskeie eksemplare van *Almanak 2022* beskikbaar, nou teen **R90 elk (versending uitgesluit)**. Hoewel van die besonderhede natuurlik verander het, is die *Almanak*-inligting nog grootliks bruikbaar. Die tekste in die ***Bybelse Dagboek*** is steeds opbouend en kan vir lesers inspirasie en hoop bring, al het die datums en kerklike feesdae intussen aangeskuif. Bestel by mev Sarie Roux, by **boekwinkel@nhk.co.za.**

## Toerusting

- **Die Dameskring** is ’n Christelike organisasie wat die belangrikheid van kerngesonde gesinne verstaan. Die beste manier om te begin bou aan gesonde gesinne, is op ons knieë. Sedert 2019 word ’n **Biddag vir Gesinne** jaarliks aangebied as een van die nasionale projekte van Die Dameskring. Hulle sou graag die Christengemeenskap in Suid-Afrika wou inspireer om weer in 2023 saam te kom om by ’n spesiale geleentheid te bid vir kerngesonde gesinne wat geestelike en morele waardes uitleef. Hulle droom daarvan dat hierdie geleentheid jaarliks deel van gemeentekalenders sal word. Die Biddag vir Gesinne, geïnisieer deur die uitvoerende bestuur van Die Dameskring, vind plaas op **14 Mei 2023**. Op 14 Mei wil hulle saam met gesinne kniel om te bid vir eie gesinne, vir die herstel van gesinswaardes, vir heling van gebroke gesinne, dat God ons kinders met wysheid sal seën om in uitdagende tye goeie besluite te neem, en vir die bewaring van die huwelik. Besoek **www.dameskring.co.za** vir meer oor Die Dameskring.




- **Mentorskap-opleiding. NEEM ASSEBLIEF KENNIS:** Die datums moes vanweë aanbieder-beskikbaarheid aangepas word. Dit sal nie meer op 24 en 25 April 2023 plaasvind nie. **Die opleiding sal nou op 22 en 23 Mei 2023 van 09:00 tot 16:00 aanlyn plaasvind.** Die toerustingsgeleentheid is gratis. VBO-punte sal ook toegeken word. Dit is vir die Kerk belangrik om te belê in die opleiding, groei, ondersteuning en begeleiding van predikante. Alle belangstellendes is welkom. Kontak ds Lisa-Mari Prinsloo by **lisamari.swanepoel@gmail.com** om jou plek te bespreek.

## 'n Gedig

**By die Sondagmiddagmaal**

Ons vra u seën, o Heer, by die gebruik van die voedsel,
van die brood, van die fyngemaalde koringkorrel,
van die wyn en die druiwe verpletter in die kuip,
van die sap gestort in die glas.

Dink aan dié wat minder bevoorreg is,
die straatkind en die steenkoolperd van Soweto,
die pampoene, patats en ertjies, gepluk, geskil, gekook:
hoe seer moet hul lywe nie wees nie.

Seën die hande wat dit voorberei het,
die eelterige hand gesteek in koue water,
die hand wat huiwer by die inpak van die trollie,
die bang hand wat die krimpende loon ontvang.

Vergeef ons al ons skulde ook teenoor
die vetgemaakte kalf en die afkophoenderhaan,
op die skottel die skaap gelei ter slagting,
die Lam Gods gekruisig op die heuwel.

Laat ons u Naam nooit vergeet nie.
Laat ons die gawes uit u hand met vreugde geniet.
Laat ons die geweld van ons bestaan voor oë hou.
Laat die lewe by ons bly en ons die dood onthou.

**Martjie Bosman**
(Uit: *Landelik*, 2002)

## Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Barmhartigheid

Rata
MAATSKAPLIKE DIENSTE

- "Die beskerming van kinders wat mishandel en verwaarloos word, is 'n harde slag toegedien toe die Gautengse Provinsiale Regering besluit het om die **aanwending van subsidies**, wat **vir onder andere kinderbeskerming** bestem was, vir ander dienste aan te wend. Rata het, saam met 'n aantal ander kinderbeskermingsorganisasies, 'n forum gestig om met die Departement te probeer onderhandel. Slegs een kantoor, naamlik **Krugersdorp**, het formeel kennis gekry dat die Departement die kantoor se subsidie gaan staak vanaf 1 April. Rata het geen ander keuse gehad nie as om aan die personeel van Krugersdorp kennis te gee dat hul diens beëindig word op 31 Maart. Om hierdie krisis en al die gevolglike finansiële tekorte te bestuur, het Rata dringend finansiële bystand nodig. Ons versoek gemeentes, lidmate en besighede om, waar moontlik, en hoe gering ook al, 'n bydrae te maak om ten minste te verseker dat ons ons personeel se salarisse kan betaal. Dit sal werklik 'n skrikwekkende en hartseer situasie wees as hope personeel skielik sonder salarisse moet klaarkom.

  **Rata se bankbesonderhede is soos volg:**
  Rekeningnaam: Rata Maatskaplike Dienste NPC
  Bank: ABSA
  Rekeningnommer: 020 600 209
  Takkode: 632 005
  Verwysing: Naam (gemeente, instansie, ens) + krisis

  Ons het groot waardering vir die wyse waarop gemeentes, lidmate en besighede vir baie jare Rata ondersteun en gedra het. Ons weet dat in tye van nood ons weer op almal kan staatmaak om ook hierdie krisis die hoof te bied.

  Afgesien van die finansiële gevolge, is daar natuurlik ook die groot hartseer in hierdie hele sage wat ons nie mag ignoreer nie! Die talle kinders wie se welstand en welsyn in die gedrang gaan kom met hierdie uiters ondeurdagte aksie, laat alle personeel met 'n baie groot bekommernis. Ons dink ook met groot deernis en bekommernis aan elkeen van die DPS-huise. **Ons versoek dan ook dat u een en almal in ernstige gebed sal intree om hierdie saak goed en reg te laat verloop." (Ds Gerhard Stoltz)**

- **Belfast Rusoord.** Kom raak rustig in ons goed toegeruste kamers met opgeleide personeel en ander vrolike seniorburgers. Ons bied 24-uur mediese versorging; CCTV; 24-uur-toegangsbeheer; drie gebalanseerde maaltye per dag; en aktiwiteite vir elkeen.
  Semiversorgend: R6 180
  Verswakte bejaardes: R6 720
  **Woonstelle (selfversorgend)**
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R2 830
  Eenslaapkamer: R4 500
  Tweeslaapkamer: R6 070
  Kontak ons bestuurder vir enige navrae
  Riana de Villiers 013 253 31211 / 063 663 7449 **manager@belfastrusoord.co.za**

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  **Verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede**
  Enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer
  Verblyf met drie etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)
  Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
  **navrae@athalia.co.za**
  **www.athalia.co.za**

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as ’n stil, veilige, boomryke omgewing en ’n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000
  Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520

## Fondsinsamelings

- Daar is ’n **geleentheid vir ’n gemeente of individu** om by die nuwe **Centurion Boeremark op Saterdae** pannekoek en/of *jaffles* te verkoop. ’n Stalletjie kos R250 per Saterdag. Deposito R250 eenmalig en sertifikaat van Tshwane vir kosverkope eenmalig R920. Kontak Christo Potgieter by **072 737 3644**.

- **Benoryn Familiekerk bied aan:**
  **Frank Opperman: *Ek wens ek wens...***
  Teks en regie: Phillip Rademeyer
  Na die roman deur Zirk van den Berg
  **Saterdag 22 April 2023 om 19:00**
  Venue: Hoërskool Brandwag
  **R150**
  Navrae: Corne 083 391 1368


- **Gemeente Potchefstroom: Maandag 1 Mei 2023**
  **Noordwes Motorskou, Basaar en Antieke Meubelveiling**
  Groot verskeidenheid ou motors
  Toegang: Volwassenes R40, skoolgaande kinders R10, voorskools gratis
  Kunstenaars: Alan Ladd, Reinhard Venter en Jeanine Volschenk
  Groot verskeidenheid kosprodukte te koop
  Veiling van antieke meubels in die saal
  Kom kuier saam van 09:00 tot 13:00 op die Kerkplein
  Kontak die gemeentekantoor by 018 293 2672 vir meer inligting

- **Gemeente Oos-Moot**
  **Sangaand Vrydag 5 Mei 2023 om 19:00**
  R150 per persoon
  Met Jannie du Toit en Helena Ceronio
  Collinslaan 1265, Môregloed
  Kaartjies te koop by die kerk, of kontak 083 384 3263

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite wat ideaal is vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste van advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal. Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **produksie@nhk.co.za**.



## Gebed vir die week

Heer,
U is die wind in my seile.
U rig my as ek stuur,
U help my om rigting te vind.
U gee my die krag om steeds voort te beur.
U waak oor my terwyl ek die stormsee trotseer.
U is die hawe waar ek kan vertoef om te rus.
U moedig my aan wanneer ek moed verloor.
U is die ligtoring wat my pad verlig
en my veilig hou.
U is altyd by my.
Dankie, Heer.
Amen.

www.lords-prayer-words.com

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)


Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk